


'n Ongewilde Poetin

- Vertroue in Russiese President Wladimir Poetin is die afgelope dekade taamlik min in verskeie lande en het selfs minder geword nadat Krim in 2014 geannekseer is.
- Ouderdomsverwante patronen blyk algemeen te wees as dit by sienings oor Poetin kom, met jonger volwassenes wat hom in 'n meer gunstige lig sien.
- Oor die algemeen het mans die meeste vertroue in Poetin, met 'n redelike groot geslagsgaping in menings in Duitsland, Frankryk, Italië en België.



- In bykans die helfte van die lande waarin 'n meningspeiling gedoen is, het diegene met minder onderrig meer vertroue in Poetin.
- Verder het ondersteuners van populistiese partye in Europa bes moontlik meer vertroue in Poetin as mense wat nie dié partye ondersteun nie.
- Lande wat meer vertroue in Poetin het, het ook meer vertroue in China se President Xi Jinping.

% wat **vertrou** dat Poetin die regte ding sal doen as dit by wêreldskome kom

	'01-'21 Verskil														
													Hoogste beoordeling	Laagste beoordeling	
	'01	'03	'06	'07	'08	'12	'14	'15	'16	'17	'18	'19	'20	'21	Verskil
Australië	—	53	—	—	38	—	—	15	25	27	24	27	30	23	7
België	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	26	21	5	
Duitsland	41	75	50	32	38	22	22	23	31	25	35	36	31	27	4
Kanada	—	54	—	36	—	—	—	17	26	19	25	29	24	20	4
Swede	—	—	—	23	—	—	—	—	12	12	18	17	17	14	3
Spanje	—	31	10	7	10	10	7	6	8	8	10	21	20	18	2
VK	26	53	33	37	28	21	20	14	20	19	22	26	23	22	1
Japan	—	—	40	19	28	27	20	22	26	28	26	26	23	22	1
Italië	24	44	—	26	—	17	18	18	31	26	31	38	37	36	1
VSA	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	17	16	1	1
Nederland	—	—	—	—	—	—	—	—	31	12	14	24	18	18	0
Frankryk	14	48	24	19	17	12	16	15	20	18	20	28	25	26	1
Suid-Korea	—	37	—	24	27	—	32	27	—	27	32	25	22	23	1
Griekeland	—	—	—	—	—	39	41	—	53	50	35	52	—	—	—
Singapoer	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	55	—	—
Taiwan	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	34	—	—
Nieu-Seeland	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	20	—	—	—

Bron: Pew Navorsingsentrum


Rusland-Oekraïne-konflik oorheers olie- en gasmarkte

Met globale verskaffing van olie en gas wat reeds onder druk is weens lae voorraadvlakke, stremming op die aanbodkant en 'n herstel op aanvraag, kan die verhoogde spanning tussen Rusland en Oekraïne reuse-uitwerkings vir olie- en gasmarkte in die kort termyn inhoud, veral in Europa wat hoogs afhanklik van Russiese voorsiening is. 'n Volskaalse toename in die konflik wat sanksies tot gevolg kan hê, kan 'n nadelige uitwerking op olie- en gasvoorsiening tot in China, Suid-Korea, Japan en die Verenigde State hê.


Bron: Standard and Poor se Globale Graderings

Rusland se grootste kopers van olie en gas

Ru/kondensaat



Aardgas




*Nie-OESO Europa en Euroasië

Suid-Afrika se handelsafhanklikheid van Rusland en Oekraïne is taamlik klein

- SA voer hoofsaaklik** graan en saadolie van Oekraïne in en koperdraad, graan, chemise/minerale kunsmis en minerale brandstowwe van Rusland.
- SA voer hoofsaaklik** mangaanerts, sitrus en ru-nikkel na Oekraïne uit en anorganiese sout, mangaanerts en sitrus/vars vrugte na Rusland.

SA handel met Rusland en Oekraïne (% van total handel)



Bron: Citi

Ekonomieë in 'n flits

Februarie 2022

Raming 2022:

BBP: 3.7%

Inflasie: 3.9%

Raming 2023:

BBP: 2.5%

Inflasie: 2.2%

VSA

Teen 7.5% in Januarie vanjaar het kerninflasie tot die hoogstevlak sedert 1982 gestyg. Hoewel dit lyk of daar elders in die mandjie 'n verslapping is, sal energiepryse na verwagting inflasie in die kort termyn oorheers. Die Baltiese Droë Indeks ('n maatstaf vir verskepingskoste) het tot sy laagstevlak in 'n jaar gedaal, wat daarop duif dat verskeie motorvervaardigers aangekondig het dat die tekort aan halfgeleiers minder is, wat inflasie op gebruikte motors kan laat sak. Hoewel arbeidsmarktoestande steeds stram is, het die aantal klein ondernemings wat beplan om vergoeding te verhoog minder geword, wat 'n piek in looninflasie inlui. Die geopolitieke konflik tussen Rusland en Oekraïne wat vinnig vererger, het die gevaar van 'n skok in energiepryse vergroot. Volgens Capital Economics kan die styging in die internasionale prys van olie tot US\$120/vat ruolie tydelik 2% tot inflasie in die ontwikkelde wêreld bydra.

Eurosone

Raming 2022:

BBP: 3.7%

Inflasie: 3.8%

Raming 2023:

BBP: 2.5%

Inflasie: 1.6%

Verenigde Koninkryk

Die VK se regering het 'n taaier standpunt oor Rusland ingeneem nadat President Vladimir Poetin glad nie terugstaan nie. Die VK het 'n sanksiepakket van 10 punte aangekondig: Die bates van uitgesoekte groot Russiese banke is bevries, groot private en staatsmaatskappye van Rusland is verhoed om kapitaal in die VK te verkry, Aeroflot is in die VK se lugruim verbied en die bates van meer as 100 individue en entiteite is bevries. Die VK beplan verder om die uitvoer van hoë tegnologie (waaronder kritiese tegniese toerusting vir die elektroniese en ruimtevaartsektore en olieraffinadery-toerusting) te verban en dubbele uitvoerlisensies na Rusland op te skort. Die geopolitieke risiko's wat nou groter word, het tot 'n styging in brandstofpryse bygedra. Die Bank van Engeland (BVE) se Monetêre Beleidsverslag vir Februarie 2022 wys dat die verwagte inflasiepiek 7.3% in April sal wees. Dit sal egter hoër wees weens die onlangse verwikkelinge. Dit kan dringender optrede van die BVE verg as die uitwerking van die tweede ronde duidelik word.

Japan

Raming 2022:

BBP: 4.3%

Inflasie: 5.6%

Raming 2023:

BBP: 1.9%

Inflasie: 2.2%

Raming 2022:

BBP: 2.7%

Inflasie: 1%

Raming 2023:

BBP: 1.4%

Inflasie: 0.8%

In die laaste kwartaal van 2021 het groei met 'n geannualiseerde koers van 5.4% gestyg, maar nie by vooruitskattings gehou nie. Beperkings op ekonomiese aktiwiteit, om die styging in infeksies weens Omicron te beteuel, sal dalk 'n demper op groei in die eerste kwartaal plaas. Ten spye dat die res van die ontwikkelde wêreld se inflasie skerp styg, is prysdruk in Japan getem. Japan se akkommoderende standpunt oor monetêre beleid sal waarskynlik in die nabye toekoms dieselfde bly. Japan het dieselfde roete as sy G7 (Groep van Sewe) eweknieë gevvolg en sinksies teen Rusland ingestel. Rusland voorsien 9% van Japan se vloeibare aardgas en 4% van die land se totale ru-invoere. Japan het die uitreik van visums opgeskort en die bates van individue van die wegbrekstreeke bevries. Die Japanse regering het ook die uitreik van nuwe Russiese soewereine skuld in die primêre en sekondêre mark verbied.

China

Raming 2022:

BBP: 5%

Inflasie: 2.2%

Raming 2023:

BBP: 5.1%

Inflasie: 2%

Ontluikende markte

Hoewel Omicron tot 'n nuwe golf van inperkings in ontluikende market (OM'e) gelei het, was dit oor die algemeen nie so streng soos dié in ontwikkelde markte nie. Aanduiders van mobiliteit is ook heelwat minder

geraak as tydens vorige uitbrekkings. Mobiliteit het herstel tot vlakke vóór die pandemie in Latyns-Amerika,

die Midde-Ooste en Afrika, en meer onlangs

Ontluikende Europa, maar bly onder voorpandemievlekke in Ontluikende Asië. Hoewel COVID-19 verder

kan opvlam en dit 'n risiko bly, word hoér wêreldwyse inflasie, groeiende geopolitieke risiko en die trant van die normalisering van globale monetêre beleid beskou as groter bedreigings vir die ontluiking van ekonomiese herstel in OM'e. Hoewel hoér internasionale oliepryse ten gunste van groei en die fiskale en lopenderekeningposisies van olievervaardigers behoort te wees sal netto olie-invoerders se invoerrekening groter wees en hoér inflasie beleef. Nietemin, dit sal deels teengewerk word met stewige basiseffekte, veral teen einde vanjaar.

Raming 2022:

BBP: 4.9%

Inflasie: 4.4%

Raming 2023:

BBP: 4.8%

Inflasie: 3.6%

Suid-Afrika

Die Suid-Afrikaanse (SA) Departement van Internasionale Betrekkinge en Samewerking het in 'n mediaverklaring oor die verhoogde spanning tussen Rusland en Oekraïne gesê 'geen land is immuun teen die uitwerking van konflik nie' en 'n beroep op Rusland gedoen om sy magte onmiddellik uit Oekraïne te onttrek in ooreenstemming met die Verenigde Nasies Handves. Hoewel regstreekse handel met Rusland en Oekraïne minder as een persent van SA se bruto binnelandse produk uitmaak, sal SA bes moontlik die uitwerking van hoér internasionale olie- en graanpryse voel. Die Sentrale Energiefonds het 'n onderverhaling van 130c/l in die brandstofprys (95 binnelandse) vir Maart 2022 gemerk. Ten spyte dat die plaaslike brandstoftheffing in die begrotingsrede bevries is, wat in April in werking sou tree, sal stygende internasionale oliepryse heel moontlik tot bykomende brandstofprysverhogings in April lei. Die rand is vir nou die geldeenheid wat die derde beste teen die Amerikaanse dollar op 'n jaar-tot-datum grondslag presteer, maar die rand, wat sedert die middel van die maand swakker word, kan nog verder verswak as globale risiko-afkeer toeneem. Plaaslike kospryse kan sty weens druk op globale graan- en kunsmispryse. Hoér energiepryse kan kospryse ook onregstreeks raak. As die hoér prys van olie net tydelik is, verwag ons dat die Reserwebank deur die aanvanklike energieprysskok sal kyk en bepaal of dit tweederondte-inflasiedruk sal veroorsaak of inflasieverwagtings van stryk sal bring.

Die makro-navorsingsspan

Herman van Papendorp is hoof van Momentum Investments se span vir navorsing en insigte en het finale verantwoordelikheid vir makronavorsing en bateallokasie. Ekonom, Sanisha Packirisamy, is verantwoordelik vir die makroraamwerk vir beleggingsgeleenthede en -strategieë.



Die inligting wat gebruik is om hierdie dokument op te stel sluit inligting in van derde partye en is slegs bedoel vir inligtingsdoeleindes. Hoewel ons alle redelike stappe neem om die akkuraatheid van die inligting in hierdie dokument te verseker, gee nie Momentum Metropolitan Life Limited of enige van hulle onderskeie filiale of geaffilieerde, enige uitdruklike of implisiete waarborg oor die akkuraatheid, volledigheid, of betroubaarheid van die inligting in hierdie dokument nie en geen waarborg van enige soort, uitdruklik of implisiet, word gegee oor die aard, standaard, akkuraatheid of andersins van die inligting wat verskaf word nie.

Nie Momentum Metropolitan Life Limited, sy filiale, direkteure, amptenare, werknemers, verteenwoordigers of agente (die Momentum partye) het enige aanspreeklikheid teenoor enige persone of entiteite wat die inligting in hierdie dokument ontvang vir enige eis, skadevergoeding, verlies of uitgawes nie, insluitende, en sonder enige beperking, enige direkte, indirekte, spesiale, toevallige of gevolglike koste, verliese of skade, of in kontrak of delik, wat mag voortspruit uit of in konneksie met inligting in hierdie dokument en jy stem om die Momentum partye dienooreenkomsdig vry te waar. Vir meer inligting besoek momentum.co.za. Momentum Investments is deel van Momentum Metropolitan Life Limited, 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste en geregistreerde kredietverskaffer, met 'n B-BBEE vlak-1 gradering.

Indekse vir Februarie 2022

	Een maand	Drie maande	Een jaar	Drie jaar	Vier jaar	Vyf jaar	Ses jaar	Sewe jaar	Tien jaar
Aandele-indekse									
FTSE/JSE Indeks van alle aandele (Alsi)	2.95%	8.82%	20.47%	14.80%	10.66%	11.98%	11.01%	8.67%	11.78%
FTSE/JSE Aandeelhouersgeweegde-indeks (Swix)	1.93%	9.10%	14.95%	10.59%	6.25%	8.46%	8.32%	6.30%	10.60%
FTSE/JSE Bobeperkte Swix-indeks	2.69%	10.25%	23.06%	11.30%	6.65%	8.11%	8.01%	6.05%	10.41%
FTSE/JSE Top 40-indeks	3.28%	9.51%	20.06%	15.95%	11.64%	13.22%	11.53%	9.15%	12.02%
FTSE/JSE Indeks vir mediumgrootte maatskappye	1.02%	4.93%	22.55%	7.04%	3.81%	4.20%	6.28%	4.45%	9.05%
FTSE/JSE Indeks vir kleingrootte maatskappye	0.54%	6.51%	40.19%	14.99%	6.54%	4.93%	7.70%	5.57%	10.96%
FTSE/JSE Hulpbronindeks	16.08%	26.70%	35.70%	30.09%	30.69%	27.62%	26.16%	14.66%	9.18%
FTSE/JSE Finansiële-indeks	3.77%	16.73%	36.36%	2.74%	0.78%	4.45%	5.39%	3.31%	9.90%
FTSE/JSE Nywerheidsindeks	-7.43%	-6.56%	3.54%	10.27%	4.34%	6.68%	5.69%	5.29%	12.12%
FTSE/JSE Research Affiliates Fundamentele Indekse									
40-indeks (Rafi)	3.79%	14.69%	37.62%	14.99%	11.85%	13.51%	13.53%	9.82%	11.53%
FTSE/JSE Research Affiliates Fundamentele Indekse Alsi	3.36%	13.20%	34.96%	14.41%	11.26%	12.57%	13.18%	9.23%	11.13%
FTSE/JSE SA Genoteerde Eiendomsindeks (Sapy)	-3.26%	1.38%	22.43%	-5.85%	-5.69%	-5.77%	-3.16%	-2.99%	4.67%
FTSE/JSE Alle-eiendomsindeks (Alpi)	-2.96%	1.43%	22.81%	-6.67%	-6.31%	-6.44%	-4.79%	-4.14%	4.17%
Rentedraende-indekse									
FTSE/JSE Indeks van effekte (Albi)	0.54%	4.12%	9.02%	8.75%	7.60%	8.91%	9.66%	7.65%	8.11%
FTSE/JSE Indeks van effekte 1-3 jaar (Albi)	0.47%	0.97%	5.39%	7.53%	7.64%	8.09%	8.42%	7.84%	7.39%
FTSE/JSE Inflasiegekoppelde-indeks (Ili)	2.13%	5.66%	12.25%	7.06%	5.70%	4.65%	4.97%	4.99%	6.34%
Saamgestelde indeks van korttermyn-vasterente (Stefi)	0.32%	1.00%	3.89%	5.32%	5.80%	6.13%	6.37%	6.40%	6.15%
Kommoditeite									
NewGold Beursverhandelde Fonds	6.06%	2.51%	12.34%	16.51%	17.07%	12.05%	6.60%	10.63%	7.95%
Goudprys (in rand)	5.72%	1.43%	12.34%	16.71%	17.36%	12.41%	6.86%	11.10%	8.33%
Platinum Beursverhandelde Fonds	3.32%	7.52%	-9.07%	9.71%	8.55%	3.54%	1.42%	1.95%	
Platinumprys (in rand)	3.64%	7.29%	-11.94%	9.76%	8.88%	3.87%	1.56%	2.29%	-0.16%
Wisselkoersbewegings									
Rand/euro bewegings	-0.06%	-4.54%	-4.77%	2.68%	4.74%	4.50%	0.17%	4.11%	5.69%
Rand/dollar bewegings	-0.37%	-3.19%	2.82%	3.18%	6.97%	3.37%	-0.36%	4.10%	7.56%
Inflasie-indeks									
Verbruikersprysindeks (VPI)				-14.87%	-2.83%	-1.16%	-0.08%	1.00%	1.73%
									2.76%

Important notes

1. Sources: Momentum Investments, IRESS, www.msci.com, www.yieldbook.com, www.ft.com.
2. Returns for periods exceeding one year are annualised.
3. The return for Consumer Price Index (CPI) is to the end of the previous month. Due to the reweighting of the CPI from January 2009, this number reflects a compound of month-on-month CPI returns. The historical numbers used are the official month-on-month numbers based on a composite of the previous inflation series (calculations before January 2009) and the revised inflation series (calculations after January 2009).
4. The MSCI World index (All Countries) returns are adjusted to correspond with global investment prices received.
5. FTSE/JSE disclaimer: www.jse.co.za
6. The information reproduced in this document has been compiled by or arrived at by Investments from sources believed to be reliable.
7. Reasonable steps have been taken to ensure the validity and accuracy of the information in this document. However, Momentum Investments does not accept any responsibility for any claim, damages, loss or expense, howsoever arising out of or in connection with the information in this document, whether by a client, investor or intermediary.
8. The content used in this document is sourced from various media publications, the Internet and Momentum Investments. For further information, please visit us at www.momentuminv.co.za.
9. Momentum Investments is part of Momentum Metropolitan Life Limited, an authorised financial services and registered credit provider, and rated B-BBEE level 1.